MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL
TERME EN VOORWAARDES VIR DIE NASKOOLSENTRUM

Hierdie brief moet asseblief mede-onderteken word deur beide ouers indien toepaslik of deur die kind se voog/de. Hiermee aanvaar u die Terme en Voorwaardes van u kind se toelating tot die naskoolsentrum van Midstream Ridge Laerskool.

Die getekende Terme en Voorwaardes moet asseblief saam met die voltooide aansoekvorm so spoedig moontlik terug gestuur word.

Neem asseblief kennis dat dit baie belangrik is dat u alle inligting oor allergieë, mediese toestande of enige ander inligting wat dalk belangrik is, in verband met u kind, duidelik op die aansoekvorm aandui.

Fooie

Die naskoolfooi vir 2020 beloop R 1,880.00 per maand per kind en sal op u skoolrekening gehef word oor 11 maande vanaf Januarie tot November.

As u kind voltyds geregistreer is en ‘n paar dae nie naskool bywoon nie as gevolg van siekte, vakansie of enige ander rede, sal u rekening nog steeds met die volle maandelikse fooi gedebiteer word.

Die ad hoc-fooi per kind per dag beloop R 180.00 (Indien 11 dae of meer bygewoon word, is die maandelikse fooi van R1,880.00 betaalbaar).

Beëindiging van naskooldienste

Sou u nie meer van die naskooldienste gebruik maak nie, moet u een maand skriftelik kennis gee en dit of per e-pos stuur of per hand aflewer.

Indien een maands se skriftelike kennisgewing nie ontvang word nie, sal u rekening met nog een maand gedebiteer word.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT GEEN VERANDERING EN/OF KANSELLASIE VAN NASKOOL SAL AANVAAR WORD VIR OF TYDENS DIE LAASTE TERMYN VAN DIE SKOOL JAAR NIE.

Naskool Ure

Die naskool se werksure is Maandag tot Vrydag vanaf 13h00 tot 17h30 stiptelik

Leerders wat nie op die gegewe tyd afgehaal word nie, sal na die Sekuriteitshek by Midstream Ridge vergesel word, waar hulle dan in ’n veilige omgewing op hul ouers kan wag.

Afwesigheid

As daar ‘n dag is waarop u kind afwesig gaan wees van skool as gevolg van siekte, of nie die naskool gaan bywoon nie, omdat u u kind direk na skool gaan kom haal versoek ons u vriendelik om ons in kennis te stel. Indien u dit **voor 12 uur** stuur moet dit asseblief **per e-pos** geskied. Indien u dit **na 12 uur** stuur moet dit asseblief **per sms** geskied.

…1…

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL
TERME EN VOORWAARDES VIR DIE NASKOOLSENTRUM

Uitteken van 'n leerder

Indien iemand anders u kind gaan kom haal, moet u skriftelike, per e-pos, voor 12 uur die middag kennis aan die naskool stuur om hulle te verwittig van so 'n reëling.

Indien ons geen skriftelike kennis ontvang nie, is die beleid dat ons nie u kind gaan toelaat om die naskool sorg saam met 'n ander persoon te verlaat nie.

Dit is 'n vereiste ter wille van u kind se veiligheid.

Buitemuurse aktiwiteite

Ouers word versoek om ons skriftelik in kennis te stel van die aktiwiteite waaraan u kind deelneem bv. dag, tyd en plek. Sonder die inligting kan die naskoolpersoneel nie aanspreeklik gehou word sou u kind 'n aktiwiteit nie bywoon nie.

Neem asseblief kennis dat sodra u kind die sorg van die naskool verlaat om 'n buitemuurse aktiwiteit by te woon, die naskoolpersoneel nie verantwoordelikheid kan aanvaar vir u kind nie.

Die persoon wie die aktiwiteit aanbied word dan verantwoordelik vir u kind bv. Rugby-afrigter.

Huiswerk/Skryfbehoeftes

Ons wil weereens 'n versoek tot al ons ouers rig om toe te sien dat u kind elke dag die nodige skryfbehoeftes, asook hulle skooldagboek,huiswerkboek, Afrikaans en Engels boek en leesboek naskool toe bring.

Neem asseblief kennis dat dit vir u kind baie moeilik is om huiswerk te doen sonder die nodige skryfbehoeftes. Die volgende items is belangrik.

HB-Potlood
Liniaal
Inkleurpotlode
Uitveër
Skerpmaker
Gom
Skêr
A4-skrif

Alhoewel die naskoolpersoneel daar is om die kinders met die huiswerk te help, lê die verantwoordelikheid nog by u as ouer om die huiswerk saam met u kind na te gaan en toe te sien dat al die werk reg voltooi is.

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL
TERME EN VOORWAARDES VIR DIE NASKOOLSENTRUM

Middag versnapering

Ons leerders kry middagete na skool, maar soos die dag verloop word van die kinders weer honger, dus versoek ons u vriendelik om ‘n peuselhappie en iets om te drink in te pak vir later in die middag.

Naskoolklere

Leerders mag slenterdrag saam bring om na skool aan te trek. **Gedurende die somermaande versoek ons dat u kind ‘n hoed en sonbrandmiddel saam bring en gedurende die wintermaande iets warm om aan te trek**

U kind se naam en van moet asseblief duidelik op alle items gemerk wees.

Speelgoed

Kinders word aangemoedig om hulle eie speelgoed (***geen elektroniese toestelle***) naskool toe te bring om hulself besig te hou.

U kind moet verantwoordelikheid neem vir sy/haar eie speelgoed en sorg dat hy/sy dit nie verloor of breek nie.

Geen uitruil van speelgoed word toegelaat nie.

Die naskoolpersoneel neem geen verantwoordelikheid vir die speelgoed nie.

Geen troeteldiere/paddavissies/sywurms word by die naskool toegelaat nie.

Geteken te _____op _____ 20 _____

_____ _____

Handtekening: Vader/Voog **Handtekening: Moeder/Voog**